hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

4 Des. 2023

**AANSTELLING VAN DR. FREDERICK MARAIS AS DEKAAN VAN DIE SKOOL VIR SOSIALE INNOVASIE BY HUGENOTE KOLLEGE VANAF 1 MAART 2024**

Hugenote Kollege maak met trots die aanstelling van dr. Frederick Marais as Dekaan van die Skool vir Sosiale Innovasie bekend. Hy aanvaar reeds op 1 Januarie 2024 diens in die Skool vir Sosiale Innovasie om navorsing te doen oor kerklike- en gemeenskapsinnovasie. Dr. Marais sal met ingang 1 Maart 2024 die rol van Dekaan oorneem by prof. Erwin Schwella, wat aftree.

Hy beskik oor die grade BA, BTh, MTh en DTh, almal aan Stellenbosch Universiteit.

Dr. Marais was tot einde Nov. 2023 Predikant in Sinodale Diens van die Sinode van Wes-Kaapland. In sy dienstydperk van meer as 20 jaar het hy uitgebreide ervaring opgedoen met konsultasiewerk van gemeentes, toerusting van gemeentelede en die ontwikkeling van missionale teologie. Hy het 'n groot rol gespeel in die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes en die begeleiding van gemeentes tot missionale innovasie.

Hy het later baie betrokke geraak met teologiese opleiding en het baanbrekerswerk gedoen oor die belangrike rol van geestelike formasie in teologiese opleiding. Hy is die huidige voorsitter van die Algemene Kuratorium van die NG Kerk. Dr. Marais het ook 'n sleutelrol gespeel in die konseptualisering en opbou van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington. Hugenote Kollege voorsien dat dr. Marais 'n belangrike rol sal speel in die begeleiding van gemeenskappe om op innoverende wyse nuwe strategieë te ontwerp en uit te voer om gemeenskappe te omvorm tot lewegewende instelling wat die diversiteit van ons land en omvattende heling van ons omgewing dien.

Prof. Nelus Niemandt
Rektor: Hugenote Kollege

Posbus 16, Wellington, 7654 • Tel: 021 873 1181 • Faks: 021 873 2377 • info@hugenote.com • www.hugenote.com
NPC Reg. Nr: 2009/014622/08 • PBO 930 039 159

Direkteure: ds C Janse van Rensburg (Voors.), mnr CF Blair, dr G Claassen, mnr A de Vries, ds F. Maritz, dr E. Monhla, dr N. Philander, mnr E Tallie, mnr DF Theron, dr RB van Aarde, dr N Venter, mnr B Vermooten en prof CJP Niemandt (Rektor)



Dr. Frederick Marais (Foto: Kerkbode)

Posbus 16, Wellington, 7654 • Tel: 021 873 1181 • Faks: 021 873 2377 • info@hugenote.com • www.hugenote.com
NPC Reg. Nr: 2009/014622/08 • PBO 930 039 159

Direkteure: ds C Janse van Rensburg (Voors.), mnr CF Blair, dr G Claassen, mnr A de Vries, ds F. Maritz, dr E. Monhla, dr N. Philander, mnr E Tallie, mnr DF Theron, dr RB van Aarde, dr N Venter, mnr B Vermooten en prof CJP Niemandt (Rektor)